# SENSIWITEITSOPLEIDING MET BESONDERE VERWYSING NA WILGESPRUIT

## Inleiding

Aangesien Psigologie nie my vakgebied is nie bepaal ek my hoofsaaklik by die Derde Tussentydse Verslag van die Kommissie van Ondersoek na sekere Organisasies t.w. die Schlebusch-kommissie, wat voor die Parlement gedien het.

Hierdie kommissie het opdrag gehad om verslag te doen oor die doelstellings, organisasie en finansiering van die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse studente en andere. Die ondersoek na die bedrywighede van organisasies soos Nusas en die University Christian Movement (UCM) het die kommissie uiteraard gebring by die opleiding van leiers. Bepaaldelik Nusas se leiersopleidingsprogram het besondere aandag geniet.

## 1. Nusas

Die leierskapopleidingsprogram van Nusas is al deur sy leiers as een van sy belangrikste aktiwiteite beskryf. Hierdie program beskryf Neville Curtis, 'n president van Nusas, in 1970 soos volg:

„The program was initiated in 1963 with a National Seminar involving 70 delegates from 20 black and white universities and colleges. It has been expanded since then to include two national seminars and numbers of regional and local seminars, simulation exercises and strategy and action planning sessions.

In the period since 1964 the program has provided virtually every leader in Nusas and some 80% of student leaders on black and white campuses in leadership positions. Student leadership in almost every anti-apartheid group in South Africa has come from the seminars, and the training provided has been responsible for the maintenance of anti-apartheid student leadership and growing militancy among young South Africans. Large numbers of students who have undergone training are now active in leadership positions in non-student groups within and outside South Africa."

Die tema wat hulle ook dan op 'n seminaar behandel het, April 1971, sal vir u 'n aanduiding gee. Paul Pretorius het gepraat oor „Approach to Student Power", Barry Streek oor „African Socialism" en Ernest Raleketho oor „Black Power in South Africa". Nevile Curtis weer het gepraat oor „Student as Rebel-position. Paper on student action". „All the groups agreed that what was going on was 'Terrorism of the mind' — an unfortunate term but nevertheless meaningful... It was felt that the seminar was constructed (content and order of talks, discussions etc.) so as to force the paticipants to come to a specific conclusion about the South African situation". Pretorius sê aan die kommissie: „Curtis was the man who experimented with this T-group training, whose object is that very thing".

Dit was vir hierdie kommissie dus duidelik dat, of daar nou aan die een kant 'n Curtis of aan die ander kant 'n Pretorius in

die presidentstoel sit, Nusas-seminare daarop ingestel is om 'n politieke indoktrinasierol te vervul. Daar is naamlik saam met die seminare, en dan klaarblyklik ook met dieselfde oogmerk as die seminare, te wete politieke indoktrinasie van jong studente, gebruik gemaak van wat algemeen bekend staan as sensiwiteitsopleiding. Hierdie term en ander terme wat dieselfde of soortgelyke prosedure beskryf, kry later meer aandag, maar vir eers kan gesê word dat sensiwiteitsopleiding 'n psigoterapeutiese prosedure is wat dan ook deur amateursielkundiges gebruik kan word. Die kommissie het die gebruik van sensiwiteitsopleiding en dan nog boonop deur amateurs, baie ontstellend gevind en dit is dan ook soos u weet een van die sterkste kritiekpunte. Maar aan sekere vereistes het hulle dan ook nie beantwoord nie, nl. nie net met hulle opleiding nie, maar dat hulle ook nie aan die sogenaamde deelnemers presies sê waar hulle met hierdie opleiding staan nie.

## 2. Wilgespruit

Die Wilgespruit Fellowship Centre staan ook bekend as die Wilgespruit Ecumenical Centre en ek dink u moet in gedagte hou dat veral in S.A. die tipies kommunisties-sosialistiese term natuurlik nie gebruik kan word nie, maar dat jy eintlik Christelike en kerklike terme soos ekumenisme maklik kan gebruik en daarbinne 'n lading plaas wat heeltemal die politieke toekoms, soos begeer deur die rewolusie, die sosialistiese rewolusie dien. Dit is daarom ook interessant dat hierdie Fellowship Centre ook Ecumenical Centre was.

Hierdie sentrum het bestaan uit ongeveer 90 acres grond naby Roodepoort. Die eiendomsreg berus in 'n trust by die S.A. Raad van Kerke as die Trustees. Daar is geboue wat vir konferensies en geriewe beskikbaar is en word beheer deur 'n bestuurkomitee. Daar woon 'n Anglikaanse priester, eerwaarde Dale St. John White en sy gesin. Daar woon ook mense wat spesifiek as „trainers" en leiers van hierdie sensitiwiteitsopleiding opgetree het. Die belangrikste is mnr. E. P. O'Leary en sy gesin waarvan sy vrou, Joan Florence O'Leary, een van die mense is wat 'n beter indruk op die kommissie gemaak het omdat sy darem enigsins ook deeglike opvoedkundige opleiding gehad het; verder mense soos Kathleen Cunningham, Judith Froneman, mej. Maphiri Masekela, mnre. Rokgobane Mahlathe, Terry Shott en Trevor Pengelly.

Die Wilgespruit Fellowship Centre stel sy doeleinde as: „The main aim of the Centre shall be the furtherance of ecumenical Christianity", maar u sal later hoor dat daar by die hele kursus bv. nooit oor godsdiens gepraat word nie. Dit word gedoen o.a. deur „Granting preference to gatherings of an intergroup nature. The promotion of programmed events at the Centre and elsewhere. Collaboration with churches and other organisations in ecumenical work".

Hulle sê dit moet wees: „A missionary outreach of the Christian church beyond its normal activities penetrating the structures of society for freedom and justice . . ."

U moet baie goed hierdie gedagte vashou van die Ekumeniese

wat dan tegelykertyd later inskakel by die Sosialistiese en tipiese „tomorrow"-idee met daarom die ontsettende drang na verandering („change") waarin eintlik die hele motivering vir sensitiwiteitsopleiding op die ou end wortel. M.i. kom „change" naby aan die idee van rewolusie.

Die direkteur Dale White het gesê dat sy taak is: „to develop a way in which the churches can begin to explore their ministry in the modern world".

Daar is eintlik vier groot programme. (a) Domestic Workers' Project (DWP) onder leiding van Maphiri Masekela wat hulle op huisbediendes konsentreer; (b) Youth Ecumenical Services Programme (YES) onder leiding van Mahlathe en Terry Shott en dan veral die (c) Personal Relations Organisation and Development Programme (PROD) onder leiding van O'Leary, bygestaan deur Joan O'Leary; (d) Urban and Industrial Mission Programme (UIM), wat deur Dale White self gelei is.

Die toesprake van mense soos Maphiri, Dale White, ens., kom met tipies kommunistiese toesprake ooreen waarin die hele idee van 'n kommunistiese struktuur en samelewing gedoen word en die beste sterk afgespeel word teen sosialistiese maatskappye. Iemand soos Masekela bou eintlik 'n baie sterk anti-blank agitasie.

In hierdie verband word dan ook die sogenaamde „T"-groepmetode aangewend waarvan ons nou ook vervolgens heelwat meer sal hoor.

## Die aard van die sensitiwiteitsopleiding

Die T-groepopleiding, breinspoeling en baie van die dinge kom op die ou end hierop neer. Hierdie sensitiwiteitsopleiding word natuurlik in die kliniese sielkunde deur vakmense ook toegepas en dan word dit deur 'n Suid-Afrikaanse professor van 'n universiteit soos volg verduidelik: „Om vir u 'n agtergrond te skets van waaroor ons gaan praat: prakties kan daar onderskei word in die psige van 'n mens tussen 'n bewuste en 'n onbewuste gedeelte (dit word net vir bespreking so afgegrens). Dan kom ons by die eintlike belangrike aspek. Verder onderskei hulle dan in die menslike geestelike struktuur 'n super-ego wat ons kan sê die mens se gewete is en dit verteenwoordig sy geïdealiseerde self. Aan die ander kant, word daar onderskei die mens se id wat sy biologiese wense verteenwoordig, naamlik allerhande instinktiewe behoeftes waaraan 'n mens bevrediging moet gee en wat steeds eis om bevredig te word. Die superego gehoorsaam moraliteitsbeginsels en as die moraliteit te sterk ontwikkel is kan dit aanleiding gee tot toestande soos neurose omdat van die natuurlike biologiese behoeftes deur die moraliteit eintlik gestrem word.

„Aan die ander kant, gehoorsaam die id aan die wet van die basiese biologiese instinktiewe drange, wat onder die beheer van 'n mens se liggaamlikheid staan en wat op die plesierbeginsel af funksioneer. Dit wil sê, wat is vir jou lekker. Die id is dus 'n instansie wat onmiddellik vir bevrediging vra. Die mens die bou in sy ontwikkeling tussen hierdie twee pole (die id en die superego) die sogenaamde ek of sy persoon of sy legio op wat altyd 'n

balans tussen die twee kragte moet bring. En die ego funksioneer dan in terme van die realiteitsbeginsel.

„Die goed aangepaste mens het natuurlik 'n goeie balans tussen hierdie super-ego en hierdie id-drange. Wanneer iemand nou van sy spore geloop het, neuroties is, of as die id natuurlik te sterk is, kry jy die psigopaat wat net vir die onmiddellike en die bevrediging vra en by wie die hoër verantwoordelikhede uitgeskakel is. Dan moet met die psigoterapie hierdie wanbalans tussen die id-drange en die super-ego weer herstel word. Die sensitiwiteitsopleiding word aangewend om balans te bring as 'n terapie, d.w.s. om 'n siektetoestand te herstel. Die professor sê dan dat hy glo dat T-groepe, sensitiwiteitsopleiding en soortgelyke tegnieke slegs ingestel is om die super-ego af te breek, wat daartoe mag aanleiding gee dat die persone wat die behandeling ondergaan juis die „realiteitsbeginsel"-norm van die super-ego sal verlaat en in terme van die id-beginsel „plesierbeginsel" sal begin lewe. En dit is dan ook 'n belangrike beginsel dat 'n mens hierdie terapie in 'n groep aanwend wanneer die persoon wat sien wat ander doen, dit dan ook bydra om sy super-ego te verklein en te verswak."

'n Ander deskundige praat oor dieselfde saak en hy kyk daarna uit 'n ander hoek. Hy sê byvoorbeeld en verwys na Dickman wat sê: „Sensitivity training is defined as group meetings, large or small, to discuss publicly intimate and personal matters, large or small, to discuss publicly intimate and personal matters, and opinions, values or beliefs and/or to act out emotions and feelings towards one another in the group, using the techniques of self confession and mutual criticism". Nou daaraan verwant is daar ook die siening, en ook hierdie begrippe moet ons kortliks verstaan, van breinspoeling. Soms word dit ook gekoppel aan sensitiwiteitsopleiding. So byvoorbeeld het die National Training Laboratories (NTL) van 'n National Education Association (die organisasie wat blykbaar die vernaamste eksponente van hierdie beweging van die Verenigde State van Amerika is) 'n handleiding opgestel vir groepleiers in sensitiwiteitsopleiding ... en self verklaar dat die tegniek van sensitiwiteitsopleiding niks anders as 'n vorm van breinspoeling is nie.

Dan word daar verder gegaan en ook die begrip oorreding, „coercive persuasion" of herkondisionering hieraan verbind. Mens kan ook die term „beïnvloeding" hiermee in verband bring. By al hierdie benaderingswyses is die oogmerk om 'n verandering teweeg te bring gemeenskaplik. Dit word beklemtoon: 'n verandering binne die indiwidu met betrekking tot sy houdings en binne sy stelsel van waardes.

Hierdie oorredingsproses of sensitiwiteitsopleiding, hoe u dit ook al wil noem, is met ander woorde basis gebaseer op die leerproses. Dit het dus te doen met die hele kwessie van onderwys, opvoeding, opleiding en dit is ook iets wat kliniese sielkundiges gebruik vir geestelike heling.

### Die aard en ontstaan van hierdie sensitiwiteitsopleiding

In die V.S.A. het daar ongeveer 'n twintig jaar gelede 'n nuwe

onderwysmetode tot stand gekom wat dan spesifiek die naam sensitiwiteitsopleiding ontvang het.

Hoewel die saak dus 'n hele tyd bekend is, word daar met nadruk gesê dat daar ook 'n element van geheimsinnigheid nog aan hierdie hele aangeleentheid verbind is: „Laboratory training, sensitivity training, T-group sessions, group dynamics training, human relations laboratories, of bloot „Bethel" of „Arden House", ens. Hierdie nuwerwetse „onderwys" word aangebied in 'n opset wat dan bekend staan as 'n laboratorium, vandaar dat hulle opereer met die begrip „laboratory training". Die kommissie maak in hierdie verband baie gebruik van 'n bron van Edgar H. Schein en Warren G. Bennis, getitel: *Personal and Organizational Change through Group Methods* (New York, 1967). U voel weer dit gaan oor die „change" die verandering.

Behalwe die element van geheimsinnigheid heers daar ook 'n groot mate van onsekerheid oor die metode soos blyk uit die titel van 'n publikasie van Mary Ann Coghill: *Sensitivity Training, A Review of the Controversy* (Cornell University 1967). Dit wil voorkom, sê die voorstanders, of die hedendaagse mens in meer as een opsig die prooi geword het van die moderne, oorgeorganiseerde samelewing. Die mens as mens, as individu, het verlore geraak in die komplekse tegnologiese eeu wat hy geskep het. En nou beleef die mens 'n intense krisis.

Op die vraag wat hierdie krisisse geskep het, noem Schein en Bennis *modernisasie* as die hoofsaak. En hulle sien dit dan ook bewerk: (1) deur die toenemende vertroue op die wetenskap en tegnologie vir die oplossing van alle mense se probleme; (2) die toenemende verstedeliking, burokratisering en 'n meganisasie veral van die kommunikasiestelsels; (3) vergrote mobiliteit, die bevolkingstoename en dergelike hedendaagse verskynsels van ons eeu. Dit het gemaak dat gedragsielkundiges hierdie probleme in besonder begin onder die oë sien het. Die hele idee is oorspronklik dus om die mens te verander, en hom voor te berei om op effektiewe en sensitiewe wyse sy kop bo water te hou in die verandering wat die tegnologie en die wetenskap op hom afgedwing het.

## Die laboratorium

Die term „laboratory training" dui die tipe onderneming aan waardeur die mens 'n studie maak van gedrag, sy eie gedrag en die van ander, asof hy in 'n laboratorium is. Leland Bradford, een van die grondleggers hiervan, het die laboratorium so gedefinieer: „A training laboratory is a community dedicated to the stimulation and support of experimental learning and change".

Dit is genoeg om te toon dat die laboratorium uit baie verskillende komponente bestaan waarvan die T-group sessions die belangrikste is. En hierdie T-groups is die kern, dit is die belangrikste emosionele belewenis van laboratorium-ervaring. Hierin maak deelnemers kennis met groep-dinamika in 'n ongestruktureerde groepsverband en probeer hulle leer deur hulle direk te laat ervaar.

'n Groep bestaan gewoonlik uit 8—12 persone van wie een die

„trainer" is, dikwels bygestaan deur 'n assistent. Hulle vergader in 'n vertrek om 'n tafel sonder leier, sonder agenda, sonder reëls, sonder dat enige deelnemer weet wat hom te wagte is. Dit berus by die groep om te bepaal wat hulle moet doen en hoe om ten beste uit die ervaring te leer.

Die „trainer" maak dan 'n paar inleidende opmerkings oor die geleenthede wat die T-groep het om te leer, waarna hy swyg. Die mense raak dan baie gespanne, emosioneel gelade en dikwels uiters gefrustreerd. Hulle wil dan 'n voorsitter kies, of hulle wil 'n agenda opstel, maar telkens verydel die „trainer" net hulle planne met baie slim skuiwe van sy kant sodat hierdie spanning en frustrasie ten toppunt gevoer kan word. Hy sorg dat geen bespreking oor enige saak buite die hier-en-die-nou-situasie sal vorder nie. Enige gesprek dus oor iets wat nie daar is nie maak hy op 'n kunstige manier net dood en daarom eindig die eerste sessie gewoonlik dat die deelnemers gefrustreerd, verward en ook baie vyandiggesind raak.

In die volgende sessies raak hulle al meer gekondisioneer en dan begin daar ontboeseming volg en die deelnemer begin sy siel openbaar, m.a.w. wat hy voel, wat hy van iemand anders dink en in die proses leer hy homself ken ook deur wat ander van hom te sê het.

Wat leer die deelnemers nou eintlik in hierdie T-groep? Hulle word intens bewus van hulle eie gevoelens en dié van ander; hulle word bewus van die ingewikkelde aard van menslike kommunikasie; hulle word bewus van die verskil in behoefte, doelstellings en maniere om 'n probleem te benader; hulle word bewus van die impak wat hulle binne groepsverband op ander maak. Die eindproduk, sê Schein en Bennis is „increased awareness, changed attitudes, and greater interpersonal competence".

In die T-groep ontstaan so 'n hegte groepsgevoel, so 'n onderlinge lojaliteit en wedersydse vertroue, dat deelnemers met groot vrymoedigheid die intiemste openbaringe oor hulleself sal maak in die wete dat dit nie na buite bekend sal word nie.

## Wat is nou die doel met hierdie laboratoriumopleiding?

Daar word twee waardes of doeleindes sogenaamd gegee. Dit pas in die mens van ons tyd se smaak. Die eerste is „Science". U weet dat dit tegnologies wetenskaplik is. Tweedens „democracy", en hierdie twee begrippe word dan ook baie vaag geformuleer en kan wyd geïnterpreteer word.

Science beteken eintlik maar net die gees van ondersoek (spirit of inquiry) wat aan die twintigste-eeuse wetenskap gekoppel word. Deelnemers word aangemoedig om uit 'n oog van wetenskap ou gedragspatrone te bevraagteken en om nuwes nou op die proef te stel. Hulle word weggeruk uit 'n kultuurmilieu waarin 'n ou roetine ingeprent en vanselfsprekend is en maak kennis met 'n nuwe kultuur waarin hulle in afsondering leef, „gederoetineer" en „gestruktureer" word.

Die tweede waarde, nl. demokrasie, impliseer die idee van saamwerk en die idee van die oplos van konflikte op rasionele wyse.

Hierdie twee waardes, wetenskap en demokrasie, het volgens hierdie voorstanders 'n onmiskenbare uitwerking op hierdie laboratoriumopleiding.

In nou verband hiermee is die konsentrasie dan op die hier-en-die-nou. Wat beleef iemand op hierdie oomblik? Die volgende begrip wat hier by kom is dan die van „feedback", 'n term van Kurt Lewin. Dit was die algemene gevoel onder sielkundiges dat die moderne samelewing een belangrike leemte openbaar, nl. 'n gaping in kommunikasie, tussen bv. die baas en sy werknemers, tussen man en vrou, kinders en ouers, ens. Die gaping, en die botsing wat as gevolg hiervan ontstaan, skryf hulle toe aan die gebrek aan inligting oor wat die ander persoon van jou en jou handelwyse dink, d.w.s. 'n gebrek aan „feedback".

Watter kommunikasie kwalifiseer as doeltreffende „feedback"? Ek wil net die drie begrippe wat hier ter sprake kom afhandel. Eerstens moet dit gebaseer wees op die hier-en-nou, d.w.s. inligting wat voortvloei uit momentele gedrag en laastens moet dit streng gekontroleer word aan hoe die ander deelnemer daarteenoor staan. Daarom kom hierdie saak eerstens neer op *„unfreezing"*. Dit is dan 'n voorwaarde vir hierdie nuwe leerproses dat jy eers die persoon soort van moet lossluit van wat hy was en hoe hy gedink het en om die idee van kontras by hom tuis te bring sodat hy die dinge wat hy altyd as vanselfsprekend aanvaar het wat hy uit sy huis, uit sy kultuur met hom saamdra, nou skielik moet voel dat die dinge verouderd is, dit deug nie meer nie, en daarom skep hulle 'n doelbewuste situasie ook van dubbelsinnigheid. Die „trainers" veroorsaak dus dat hierdie hele saak eerstens afloop op hierdie „unfreezing".

Vervolgens kom daar dan ook 'n „disconfirmation" tot stand d.w.s. die persoon begin hom losmaak van wat vroeër vir hom die aanneemlike gedrag gewees het. Om dit te skep moet daar 'n toestand van sielkundige veiligheid gegee word. Dan volg die stap van „changing".

*Changing:* Na stap een is die deelnemer gereed om kennis te neem van nuwe tipe inligting oor homself, wat hom voorberei vir verandering in sy opvattings oor homself en sy verhouding tot andere. Die verandering van houding begin gewoonlik deur by die deelnemer 'n gevoel van onewewigtigheid te laat posvat. Inligting word aan hom oor homself verskaf wat hom ongemaklik laat voel omdat dit die beeld wat hy van homself het, aansienlik skend. Dit laat hom bekommerd en skuldig voel. Sy eerste reaksie is om 'n verdedigende of afsydige houding in te neem, maar sodra hy verseker word van 'n psigologiese veilige atmosfeer, begin hy weer nuwe inligting oor homself te soek, wat lei tot die gewenste verandering.

*Refreezing:* Sodra die deelnemer nuwe opvattinge, perspektiewe en gesigspunte aangeleer het, begin sy houding en gedrag te verander. Die gevaar is natuurlik dat die verandering slegs tydelik kan wees. Daarom moet hy „ge-refreeze" word, d.w.s. met die hulp van „trainers" en mede-deelnemers moet die nuwe insigte by hom vasgelê word.

*Die trainer:* Die „staff" of „trainer" is 'n uiters belangrike faktor in die proses van laboratoriumopleiding — bevoegdheid en goeie samewerking van hulle kant is uiters noodsaaklik vir die sukses van elke laboratorium.

Dis egter baie duidelik dat die „trainer" 'n buitengewone magsposisie beklee, wat maklik misbruik kan word. Schein en Bennis sê: „A change-agent" can exploit his role to gratify certain basic (often unconscious) wishes, most particularly, the need for power and control".

Breer en Locke het in 'n boek: *Task experience as a sourse of attitude* (Dorsey Press 1965) gesê dat 'n mens die deelnemers se ideologie kan beïnvloed: „. . . it was possible to affect, experimentally, the broader dimensions of individualism — collectivism, egalitarianism — authoritarianism, and religiosity".

Die eerste gevolgtrekking wat hier gemaak kon word, was dat daar by die deelnemers 'n „significant shift in general attitude in a democratic direction" te bespeur was. Voorts kon hulle ook uit hulle vraelyste aflei dat die stelling dat verandering in inter-persoonlike houdings deurgewerk het na houdings oor die breër sosiale en ideologiese vraagstukke, tydens die laboratorium bewys is.

Nog 'n interessante verskynsel wat hulle kon bewys, was dat diegene wie se norme aanvanklik die naaste aan die laboratorium se norme was, die minste verandering ondergaan het, terwyl die deelnemers wie se norme aanvanklik die verste van die laboratorium s'n verskil het, die grootste verandering ondergaan het.

'n Kwessie waaroor daar uit die aard van die saak nie tydens 'n laboratorium soos hierdie uitsluitsel gegee kon word nie, was o.a. die vraag van hoe blywend van aard die veranderinge wat die deelnemers ondergaan het, sou wees. Hieromtrent merk Nadler en Fink op dat dit afhang van die sosiale klimaat waarheen die deelneres sou terugkeer.

Bedrywers van hierdie tegniek wys dan ook in hulle lyfblad dat die volgende hoofpunte is: (a) Dat mense gedurende sensitiwiteitsopleiding verander; (b) dat die veranderings lei tot veranderings in hulle politieke denke; (c) dat deur manipulasie enige soort denke tuisgebring kan word, o.a. ook kollektivisme, wat eintlik sosialisme is; (d) dat die veranderings in sekere gevalle blywend van aard is; (e) dat van die veranderdes verwag word om hulle te laat geld in hulle eie omgewing; (f) dat die bedrywers nie eers oor hulle reg om mense te verander wil debatteer nie, maar dit as moreel verpligtend ag om die mensdom te verander; (g) Dat dit waarin die mense verander moet word alleen bepaal word volgens die „wysheid" van die „trainers".

Die kommissie gee vervolgens punte van kritiek op hierdie sensitiwiteitsopleiding, natuurlik vanuit hulle hoek gesien. Hulle sê: „We can organize our concerns about laboratory training around four questions we will take up in order: (1) Is laboratory training professional; (2) is laboratory training ideology rather than inquiry; (3) is laboratory training therapy in social science disguise; and (4) is laboratory training a "Quest for Omnipotence?"

Sensitiwiteitsopleiding is veronderstel om in die gedragsielkunde

gewortel te wees en die meeste erkende beoefenaars daarvan doen dan ook navorsing tesame met hulle gewone akademiese verpligtinge. Maar op die huidige word veel meer gepraktiseer as wat daar navorsing gedoen word, en dit is veral onrusbarend dat die minste navorsing juis gedoen word op die punte van hierdie opleiding waarop die risikos die grootste en die taak die ingewikkeldste is.

In die geval van sensitiwiteitsopleiding word 'n gesonde mens sonder probleem onderwerp aan beïnvloeding sonder dat hy noodwendig weet waarop dit gaan uitloop.

Dit is dus duidelik dat beoefenaars van 'n onderwystegniek wat daarop uit is om normale, gesonde volwassenes te verander met betrekking tot hulle sin vir waardes en hulle houding — iets wat gewoonweg net met geestelik siekes of afwykendes gedoen word — minstens 'n duidelike verstandhouding met hulle kliënte moet aangaan en dat hulle optrede onderhewig moet wees aan streng etiese standaarde.

Ook ten opsigte van die bevoegdheid van die praktisyns, die sg. „trainers", is sensitiwiteitsopleiding nog nie 'n professie nie.

'n Geheel teenoorgestelde siening as dat die opleiding van hoë standaard moet wees kom voor by 'n Amerikaanse psigoterapeut, Carl Rogers, wat nogal baie ook in moderne pastorale werke aangehaal word waar hy weer 'n waarskuwing uitspreek aan hierdie oormatige beklemtoning van professionalisasie en opleiding vir hierdie mense. Dan gee hy sy waarskuwing om die volgende redes: (a) Hy sê die kwaliteite wat van 'n „trainer" verwag word, is so subtiel en persoonlik van aard, dat dit nie gemeet kan word of verder „opgelei" kan word nie; (b) as akademiese of professionele vereistes te hoog gestel sou word, sou dit te veel ondernemende en geskikte mense elimineer om as „trainers", op te tree en (c) die toekomstige ontwikkeling van die tegniek sal beperk word as die bedrywers almal sekere akademiese of professionele kwalifikasies moet besit.

*Kondisionering:* Ek moet ook vir u kortliks die begrip kondisionering langs sensitiwiteitsopleiding aanstip. Hierdie klassieke naam dui die soort van leerproses aan wat rus op die eksperimente van die Russiese sielkundige, Ivan P. Pavlov, 1849—1936. Die hele saak van die kondisionering van mense het sy oorsprong by Pavlov in Rusland gehad. Dit het daarmee te doen dat dit bedoel om aan die mens die verkryging van gekondisioneerde, d.w.s. voorgeskrewe antwoorde op prikkels te verskaf. „Pavlov himself claimed that different kinds of habits based on training, education, and discipline of any sort are nothing but a long chain of conditioned reflexes".

As 'n mens gekondisioneer word om op 'n bepaalde manier op te tree, kan jy ook gekondisioneer word om weer anders op te tree.

Een van hierdie sielkundiges wat Pavlov se bevindinge aangegryp het, was John Broadus Watson. Hy is dan die man wat Pavlov se idees veramerikaans. Hy en ook 'n ander Rus Bekhterev gebruik bietjie ander terme wat nie as vreeslik belangrik beskou word nie. „Watson concluded that the only innate behaviour items in a newborn child are the above reflexes (fear, anger and love) and

emotional reaction patterns. Other responses of children, including the so-called "instincts" of immitation, rivalry, sympathy, jealousy or cleanliness must be learned. To show that new emotional reactions can be learned, Watson performed his famous experiments establishing 'conditioned fears'."

Al wat tot dusver vir die kommissie vasgestaan het, is dat daar 'n metode van onderwys bestaan wat as kondisionering of breinspoeling beskryf kan word; dat hierdie metode uit Rusland kom en na Amerika gebring is en dat die spoor daarvan gevolg kan word tot by 'n tegniek wat nou bekend staan as Laboratory Training of Sensitiwiteitsopleiding.

**Breinspoeling**

Kondisionering word soms ook breinspoeling genoem, wat veral Amerikaanse soldate na die Amerikaanse oorlog deurgemaak het en wat deur Edward Hunter in sy boek „Brainwashing" wat in New Jersey 1965 verskyn het, taamlik breed beskryf en opgeteken is. Hy wys daarop dat Lenin eintlik Pavlov aangegryp het sonder dat Pavlov mooi geweet het waarom. „He saw in Pavlov's discoveries a technique that could force it upon them. Marx had expected communism to change human nature. Lenin had found out that it would never happen naturally. Now he saw in the Pavlovian technique the ferment which could bring it about despite the opposition it naturally aroused".

Om terug te keer tot Hunter. Hy beweer dat die tegniek wat hy breinspoeling noem en wat op Amerikaanse en ander krygsgevangenes in Korea en Sjina toegepas was, die volgende elemente bevat het: (a) Die prooi word *uitgehonger* en daardeur word sy weerstandsvermoë verminder; (b) hy word *afgemat* deur fisieke arbeid, deelname aan sport of eindelose gesprekke; (c) hy word kunsmatig in 'n toestand van *gespannenheid* gebring en daar word by hom 'n gevoel van frustrasie en onsekerheid opgebou; (d) hy word aan *dreigemente* en soms aan werklike *geweld* blootgestel; (e) 'n *skuldgevoel* word by hom opgewek vir gewaande misdrywe; (f) op die noodsaaklikheid om 'n *bekentenis* te maak word gehamer. Die persoon raak dan heeltemal verward oor wat hy gedoen het of hoe hy hom gedra het en hy begin buk onder 'n ontsettende skuldgevoel en dan kom hy uiteindelik tot 'n bekentenis. Die breinspoeler kan hom by hierdie bekentenis los of hy kan dan natuurlik verder gaan om ook die „change" te bewerk omdat hierdie neurotiese toestand baie gunstig daarvoor is. En dit is dan die proses wat veral die kommuniste gebruik. Hunter meen dan self dat die hele bevolkingsmassas op hierdie wyse gebreinspoel word.

Dis dus klaarblyklik nie vergesog van kritici van sensitiwiteitsopleiding om na dié tegniek te verwys as 'n vorm van breinspoeling nie. Die kliënt (soos die krygsgevangene) word immer ge-„defreeze" ge-„change" en daarna ge-„refreeze".

## Sensiwiteitsopleiding: Gevare en voorsorgmaatreëls waarop hier gehandel word

Hulle vergelyk hier die ontsettende kontrole voordat jy met 'n mes aan 'n mens gaan sny, 'n chirurg, die vereistes waaraan die chirurg moet voldoen, waaraan die hele situasie moet voldoen. Maar hier word, soos hulle dit uitdruk, „geestelike chirurgie" voltrek deur iemand wat sommer so 'n kwasie-tipe tegniek tot sy beskikking het wat hy aanwend.

„Dit is dan ook die groot gevaar van psigoterapie: Dit kan aanleiding gee tot psigopatisering van die persone wat op die manier behandel is. Daar is ook gevalle van skisofrenie ens. wat eintlik deur hierdie behandeling vererger is."

Die groot vraag is dus, wie hanteer hierdie sensitiwiteitsopleiding omdat hieraan so baie negatiewe elemente sit. „The purpose of T-groups is supposedly to help people become 'more sensitive' to themselves and to others. The emphasis in such groups is on the direct exposure of personal feelings that are not usually on public display. The aim is to become 'uninhibited'. Nonverbal exercises often are used, and range from simple exercises to intimate bodily contact.

"A sensitivity session can be sexually stimulating. Deliberately provoking sexual arousal during a T-group session may euphemistically be called therapy, but it also should be labeled immoral. Such experiences can have a devastating effect on the subsequent phychosexual development and behavior of an adolescent".

In laasgenoemde verband word die ondervinding van 'n verdere getuie wat so 'n kursus by Wilgespruit bygewoon het, meer volledig behandel. Die getuie is 'n vrou wat 'n weeklange sensitiwiteitskursus te Wilgespruit bygewoon het. Haar agtergrond en akademiese opleiding is sodanig dat die kommissie haar beskou as iemand wat 'n wetenskaplike waarneming kon doen.

Die getuie het die kursus saam met 'n groep van ongeveer dertig mense bygewoon. Hulle het uit verskillende strata van die samelewing gekom. Daar was studente, onderwysers, huisvrouens, maatskaplike werksters, verpleegsters, sakemanne en arbeiders; Blankes, Bantoes en Kleurlinge. Hulle was meesal jongmense en party het gesê dat hulle ouers nie weet hulle is daar nie en dink hulle bring die tyd elders deur. Baie van die deelnemers het die kursus bygewoon omdat hulle verwag het dat hulle hulp sou kry vir hulle persoonlike probleme. Onder andere was daar mense wat beter met andere wou kommunikeer, mense wat seksuele aanpassingsprobleme gehad het, mense wat probleme in hulle huwelike ondervind het en jong meisies en mans wat nie in staat was tot fisieke kontak met mekaar nie. Die kursusgeld vir die week was R30 en dit het huisvesting en kos, wat baie goed was, ingesluit.

Daar was 'n uitgewerkte program vir elke dag van die kursus, vanaf 8.15 vm. tot 'n laaste T-groepsessie wat om 7 nm. (na aandete) begin het. Die vernaamste items wat herhaaldelik op die daaglikse programme voorgekom het, was „awareness" en „T-group". Die kursusgangers is in twee groepe verdeel. Twee Wilgespruit perso-

neellede het as leiers („trainers") van elke groep opgetree.

Die „awareness"-sessie was soggens eerste op die program. Dit kan, volgens die getuie, vergelyk word met 'n liggaamsoefeningklas. Terwyl die oefeninge gedoen word, praat die leier („trainer") kort-kort saggies, in 'n strelende stem en sê byvoorbeeld: „feel yourself aware of voices, sounds,... touch and feel your body, tense and relax, feel your feet, legs, genitals, hips..."

Deelnemers word in pare opgedeel. Een sit met sy oë toe terwyl die ander een agter hom kniel en met die punte van sy vingers teen die voorste een se kopvel tik. Dit duur 'n paar minute en dan ruil hulle weer om. 'n Ander oefening is gedoen deur vyf persone. Een lê op sy maag op die vloeg, oë toe en arms en bene gestrek. Die vier ander kniel dan langs hom, twee by die onderlyf en twee by die bolyf. Hulle doen dan aan hom wat genoem word „slapping", dit wil sê hulle klap met die plathand oor sy hele lyf. Die getuie sê hierdie oefeninge maak jou geheel en al ontspanne en dit voel asof jy in 'n lugleegte dryf waarin jy nie bewus is van jouself of jou omgewing nie.

Een „awareness"-sessie is met 'n „trust walk" afgesluit. Dit geskied in pare. Die een maak sy oë toe en word geblinddoek en die ander vat hom dan om die lyf of aan die arm en lei hom rond. Die leier laat die ander een dinge aanraak en voel. Hy laat hom die gesigte en hare van mense wat hulle teëkom, streel; alles met toe oë. Daar mag glad nie gepraat word nie. Die getuie sê die oefening het haar 'n gevoel van volle vertroue in haar maat gegee en sy het die „trust walk" 'n belewenis gevind wat sy nie eintlik kan beskryf nie.

Die getuie het ook 'n ander „awareness"-klas beskryf. Die leier het groot velle wit papier en vetkryt aan al die deelnemers uitgedeel. Elkeen moes op die velle teken hoe hy homself sien en later moes die deelnemes weer afpaar en teken hoe hulle mekaar sien. Een van die deelnemers het homself as 'n penis geskets. 'n Ander deelnemer het nie van die eenlynigheid van die tekening gehou nie en dit opgefrommel. Die leier („trainer") en ander deelnemers het weer 'n penis geteken en elkeen het sy eie variasie en kleur daaraan toegevoeg. Die oorheersende kleur was groen. Die een deelnemer het die hele tekening opgefrommel en vertrap omdat die kleur, het hy gesê, hom siek gemaak het. Hy was letterlik naar daarvan en het gebraak.

Die deelnemers het op stoele gesit. By die eerste sessie was almal aanvanklik doodstil en die atmosfeer het al hoe meer gespanne geraak. Een deelnemer het die spanning verbreek deur hardop te lag en aan te hou lag. Almal het naderhand saamgelag. Die res van die sessie het op dieselfde trans verloop: spanning, iemand verbreek dit, weer eens spanning.

Daar is ook baie die frase gehoor: „I feel hammered". Deelnemers het gekla oor 'n swaar gevoel in die kop en oor hoofpyne. So gaan dit aan en dan is daar 'n vrou met vier kinders, en dan sy hulle vir haar: „She should be responsible only to herself and should not feel responsible for her children's moral standards and values. They felt that, as a mother, she tried to play the role of

a martyr. They felt that her own desires should become important again. A lot of interaction followed with the different group members comparing their own parents, especially their mothers, with Mary and mostly inciting each other to reject that which is their mothers".

„After dinner everybody returned with mixed feelings."

So gaan dit aan, soos dit verloop dag na dag. Daar is gevegte tussen die lede, hulle raak handgemeen en dan vra die „trainer" hulle: „He said that we had to say on more or less ten cards how we felt about our sex life. 'How do you see your sexual being and experience sex?' Everybody did this except Tegwane".

Volgens die getuie kon die kursusgangers gedurende die tye wat hulle nie formeel by die program betrek was nie, doen wat hulle wou. Daar is baie gesels en musiek is aanhoudend oorverdowend oor 'n platespeler gespeel. In die aande het die meeste kursusgangers gedans of sommer net rondgelê. Mans en meisies het gedurig op mekaar se skote gesit en soms op die vloer of op die gras gelê en mekaar omhels. 'n Groepie het elke aand dagga gerook. Dit nou net om u daarvan 'n idee te gee.

Wilgespruit het homself aangedien dat hy sy kursusgangers eintlik wou help met: (1) Verdowingsmiddelprobleme; (2) probleme wat kinders ondervind wanneer hulle van die laerskool waar hulle „top dogs" was, na die hoërskool waar hulle „underdogs" is, moet gaan; (3) die keuse van 'n loopbaan; (4) pare, getroud en ongetroud, kom na Wilgespruit vir huweliksvoorligting.

Dan sê hierdie kommissie: In alle gevalle was dit vir die kommissie eintlik duidelik dat die betrokkenes òf wyd uiteenlopende sienings het van dit waarmee hulle besig is, òf dat hulle nie weet waarmee hulle besig is nie, òf dat hulle nie wil sê waarmee hulle besig is nie. Een getuie het na die inhoud van een van die tersaaklike dokumente as „mumbo jumbo" verwys.

As die vraag aan Joan O'Leary gestel word: „As the Reverend White put it yesterday to us that the ultimate aim was to reach a oneness, a unity of all people?", antwoord sy: „Well, by dealing with the sort of barriers and stereotypes between people, so that people can't or aren't relating, aren't able to relate the Biblical injunction to love one another because they are not experiencing one another as persons at all, but as stereotypes, you know, he is Black, he is Afrikaans, she is Roman Catholic, and they are not persons".

Dit is dus eintlik die doel om baie sterk by hierdie sensitiwiteitsopleiding die hele saak te laat saamtrek op die verandering van die samelewing met 'n baie duidelike Kommunistiese of Sosialistiese inslag. Dit word baie duidelik as 'n mens ook kyk na aanhalings wat daar gedoen is. Op vrae byvoorbeeld, of daar ooit op die sessies na godsdiens of Christendom verwys is, het die getuies baie duidelik gesê „nee". John O'Leary het ook gesê hy woon nooit so iets by nie want hy het daar geen erg aan nie.

Daar is 'n erediens gehou. Die tekste van die diens is ook genoem. Dit het gehandel oor maagde wat met mekaar 'n gesprek voer met tussen-in vroue- en mansstemme en wat hulle dan eintlik

daartoe bring dat hulle in die katedraal met 'n doopvont, wat eers klein en regop is, hulle virginiteit verloor en dan kyk wie is die man hier langs hulle. Dan sien hulle dit is Christus.

Daar is baie duidelik gesê: „God is nowhere" en eintlik al wat is, is Christus, en Christus is dan die verpersoonlikte seksuele begeerte van hierdie maagde en wanneer hulle dan met Hom in die katedraal gemeenskap het, word die doopvont groot en dit groei tot 'n ervaring.

Toe een van die lede van die kommissie vir White gevra het of hy daarvan weet, het hy bevestigend geantwoord. Toe aan hom gevra is wat sy reaksie daarop was, toe sê hy: „I left". Toe hulle hom vra of hy daarna Wilgespruit nog vir die UCM oopgestel het, het hy gesê: „Ja dit was Basil Moore se dinge".

Hiermee hoop ek dat ek u 'n insig gegee het in die sentitiwiteitsopleiding te Wilgespruit, soos dit in die verslag van die kommissie aan die Parlement voorgelê is.

B. Spoelstra.

*(Gelewer voor G.T.V., Pretoria)*

## WATERDRUPPEL

*Om die geheim van jou bestaan te deurgrond,*
*waarvan jy gemaak en waarvoor jy bestem is?*
*al die verbande waarin jy omklem is,*
*hoe jy asemhaal en eet sonder 'n mond?*
*watter funksie en plek in die groot heelal*
*jy vervul en beklee om sinvol te wees?*
*sal die ganse heelal eers uitmekaar moet val*
*sodat ek hom soos 'n oop boek kan lees;*
*alle kennis van jou wat ek het is maar die a-b-c*
*van die wysheid, wat God ons deur openbaring gee;*
*dis vir my duidelik dat die hele wêreld in jou skuil,*
*jy is 'n bodemloos-diepe waterkuil;*
*daarom aanbid ek liewer in jou die verfrissende krag*
*van die lewende Bron, waar my siel na smag.*

Esjee.